VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

09 JULIE 2020
HERDERSBRIEF #31B

Geliefde gemeente,

**MOENIE VREES NIE. GLO NET** – ***Luk. 8:50***.

Ons verloën in Jesus Naam alle ***angsvalligheid***.

Ek ervaar, in baie opsigte, oor die algemeen, dat die sielevyand besig is, om die volgende kultuur te skep: alles wat deurmekaar is; kortsigtig is; 'n gebrek aan perspektief – 'n ***"Mars-landskap"***; 'n behoefte aan ***"water"***; 'n verlies; radeloosheid; en 'n situasie van 'n doodloopstraat op ons af te dwing. Dit is nie hoe dié Gees van God funksioneer nie. Ons as gelowiges, word hiermee opgeroep: **OM JERUSALEM TE HERBOU**, orde te handhaaf, standvastig te wees in ons rigting en koers: **MOENIE VREES NIE. GLO NET**.

Nog nooit in die geskiedenis, was 'n deurmekaarspul tot eer van God nie.

God wil elkeen van ons verheerlik, sodat ons God kan verheerlik. Wat ons nou nodig het, is die Woord van God: *wat die lig op ons pad en die lamp vir ons voet is –* ***Ps. 119:105.*** Definitiewe: **SPORE VAN GEREGTIGHEID**.

Ons spreek alle wanorde aan; ons demonstreer orde; ons bepaal die rigting en ons is standvastig in wat ons glo.

Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, leer vir ons die volgende:

- Sy was gefokus. Sy was nie meegesleur en sensasie-bewus nie. Sy het nie links of regs gekyk nie.
- Sy het nie haar ore uitgeleen aan stories nie.
- Sy het gekonsentreer.
- Sy was beslis in haar geloof.
- Sy was versekerd, wat haar **ANTWOORD** was, en sy wou by die **ANTWOORD** uitkom. Niks en niemand het haar gekeer nie.
- Daar was by haar gerigtheid.
- Sy het haar situasie positief hanteer.
- Dit het haar nie maande geneem, om by haar **ANTWOORD** uit te kom nie.
- D.w.s. sy was doelgerig. Sy was nie onverskillig nie, en het nie 'n *"traak-my-nie-agtige-houding"* gehad nie.
- Daar was by haar daadwerklike optrede.

As dit jou behoefte is: dat die **MURE VAN JERIGO MOET VAL**, dan moet jy dienooreenkomstig optree.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Nou is nie die tyd:

- Vir alledaagse, tradisionele gebede nie.
- 'n "*mog-dit-treffe"* houding
- Tyd sal leer.
- 'n Slap, slordige houding vir alledaagse gemaksugtigheid.
- Ook nie 'n tyd: "ek sal sien wat die toekoms oplewer".
- Dit is die tyd om **saam met God**, die toekoms te bepaal.
- 'n Tyd vir manlikheid.
- 'n Tyd vir standvastigheid.
- 'n Tyd van krag en sterkte.
- Nie 'n tyd vir slap knieë nie.
- Hy wat op die Here wag, kry nuwe krag.
- Ook nie 'n tyd vir 'n *leë gebabbel* nie.

***Hooglied 4:16 "Word wakker, noordewind, en kom, suidewind, deurwaai my tuin, laat sy balsemgeure uitvloei! Laat my beminde in sy tuin kom en van sy kostelike vrugte eet."***

Suid-Afrika is soos hierdie vrou wat aan bloedvloeiing gely het. Ons is:

- Ekonomies leeggebloei.
- Maatskaplik leeggebloei.
- Die infrastruktuur is leeggebloei.
- Sonder stabiliteit of sekuriteit.

Ek maak 'n dringende beroep op jou. Word soos hierdie vrou. Kom ons vorm 'n verenigde front en ons dring deur:

- Al die twak,
- gemors,
- wanorde,
- bedrog,
- leuens,
- valsheid en
- verwarring.

Ek maak weer eens 'n beroep op jou. Kom ons gryp God vas en ons bely elke **JAKOB-TENDENS** in ons lewe. SUID-AFRIKA VIR JESUS! Ons – God se Israel – dring deur en ons raak die soom van Sy kleed aan.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335